# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

Komende naweek en die daaropvolgende naweek is 2 langnaweke na mekaar waarna ons kan uitsien!

Komende ***Maandag 27 April 2026 is 'n vakansiedag*** asook ***Vrydag 1 Mei 2026***.

Daar is enkele skole wat die betrokke week toe is, maar met toestemming van die onderwys-departement. Om toestemming van die departement te kry moet 'n volledige plan ingedien word van hoe die 3 skooldae wat verlore gaan opgevang gaan word bv. 3 Saterdae van skool. Een van die skole wat ek van weet wat toe is die betrokke week se volgende 3 skoolvakansies is 1 dag korter, onder andere die Oktobervakansie wat klaar baie kort is. Laerskool Rynfield se skoolbestuur het dus gevoel dat dit nie die moeite werd is nie.




**Om die atletiek Interlaer oorwinning te vier en die atlete te bedank, sluit die hele skool op <u>Donderdag 30 April om 12:00</u> vir daardie betrokke langnaweek!**

**ONS HOOP DIE RYNIES GENIET DIE LANGNAWEKE AS GESIN SAAM!**

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

Na hierdie week is daar net meer as ***4 weke*** voordat die ***eksamen*** vir die Gr 4-7 leerders begin op ***Donderdag 28 Mei 2026***. Begin vroegtydig voorberei en vra as daar enige onduidelikhede is. Beplan ook leersessies deeglik met u kind veral as u kind/ers betrokke by buitemuurse aktiwiteite is.





Soos ons reeds gekommunikeer het is die kaskarre uitgestel tot na die eksamen.
Die kanse vir reën is dan minder en ons wil graag hê die Rynies moet 'n lekker dag geniet!



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD






**Bring die hele gesin en kom kyk hoekom ons skool die perfekte plek vir jou kind se toekoms is!**

## LAERSKOOL RYNFIELD –
## Waar elke kind se avontuur begin!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SKAAK:

***Benoni Individuele Skaak Kampioenskappe***

**25 April 2026**
**Ridgewood College**

**Tyd:** 07:00 - ongeveer 14:00
5 rondtes 30:30



**Finale reëlings:**
Netjiese skooldrag.
Snoepie is beskikbaar.
Pak asseblief eet en drinkgoed ook in.
Geen slimfone of oorapparate nie.

***Ons wens al ons Rynies sterkte toe vir Saterdag se Kampioenskappe. Geniet hierdie ondervinding.***

*Ontmoet Juffrou Leonie by Ridgewood.*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD







Baie dankie aan elke Rynie wat die doppiesprojek so 'n groot sukses maak! 💙
Met julle ongelooflike bydraes kon ons vir Kenny Pretorius 'n splinternuwe rolstoel skenk. Dit is 'n bewys van wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap saamstaan en omgee.
Ons is ongelooflik trots om deel te wees van so 'n hartlike en betrokke skoolgemeenskap. 💫

## TENNIS

Die senior tennis oefenspanlys sal Vrydag, 24 April, teen Juffrou Juazelle se klasvenster wees.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD











# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD








# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD


## KASKARRE












NUUSBRIEF 14 VAN 2026 *23 APRIL 2026*

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

### SPREEKKOOR

Hierdie week sal 'n brief uitgedeel word aan alle leerders wat graag aan vanjaar se spreekkore wil deelneem. Ons vra vriendelik dat alle skeurstrokies volledig ingevul en teruggestuur word skool toe. Ons begin oefen in die week van **11 Mei.**

<u>Oefentye</u>: Gr. 1-3 Donderdae **7am**
Gr. 4-5 Woensdae **7am**
Gr. 6-7 Dinsdae **7am**

### DEBAT

Onthou asseblief van ons werkswinkel om ons debatleerders se kennis op te skerp.

<u>Datum</u>: **8 Mei 2026**

<u>Tyd</u>: **14:00** in die skoolsaal.

### PUBLIC SPEAKING

Baie dankie aan al die maats wat vanjaar gaan deelneem en vir die oulike toesprake wat reeds ingekom het.

Let asseblief daarop: Geen verdere toesprake sal aanvaar word nie.

Briewe sal binnekort uitgedeel word met die volledige program en deelnemerslys.


Indien ouers nie 'n brief ontvang teen Dinsdag, 29 April nie, kontak my asseblief.

### ORATORS

Onthou dat alle Engelse spantoesprake as hardekopieë ingedien moet word voor die einde van Mei.

**Alle redenaars en spanne moet asseblief oefensessies met Juf. Coffey of Juf. Barbara reël sodat ons julle kan help opskerp. Sterkte en lekker leer aan julle toesprake.**



*Kultuurgroete, Juf. Coffey*

# NASKOOL




## LAERSKOOL RYNFIELD

## Opkomende vakansiedae:

Die naskool is gesluit op die volgende publieke vakansiedae:

- **MAANDAG, 27 APRIL**
- **VRYDAG, 1 MEI**

## Kleretrollie:

Loer asseblief vir enige verlore items. Die trollie sal volgende Woensdag leeggemaak word.

## Kleredrag:


Die seisoen is vinnig besig om te draai. Maak asseblief seker u kind/ers het elke dag ‘n warm trui/baadjie ingepak.


## Sport - tuiswedstryde:

Enige leerder wat na wedstryde wil kyk wat TUIS plaasvind, moet skriftelike toestemming vanaf ouers bring (in huiswerkboekie asseblief). Juffrou Ronel Fourie moet hierby teken.

## NASKOOL SPYSKAART:

| DATUM | ETE | 15:00-15:30 |
|---|---|---|
| Maandag, 27 April | VRYHEIDSDAG - Naskool gesluit | - |
| Dinsdag, 28 April | "Hotdogs” | Vrug & sap |
| Woensdag, 29 April | “Slap tjip” rolletjies | Vrug & sap |
| Donderdag, 30 April | "Chicken-a-la-king” | Vrug & sap |
| Vrydag, 1 Mei | WERKERSDAG - Naskool gesluit | - |






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART:

| | |
|---|---|
| Maandag, 27 April | VAKANSIEDAG |
| Dinsdag, 28 April | Ontbytwrap (bacon, eier, kaas) |
| Woensdag, 29 April | Weense worsies en tjips |
| Donderdag, 30 April | Kaasburger |
| Vrydag, 1 Mei | VAKANSIEDAG |













NUUSBRIEF 14 VAN 2026

*23 APRIL 2026*

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD

Soms bevind jy jouself
in die middel van nêrens
en soms in die middel
van nêrens vind jy jouself

**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

